Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za

Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 1: Nommer 7 – 28 Februarie 2025




## DAGBESTUUR




Die Dagbestuur wil volgende week die leerders bewus maak van Wêreld Natuurlewedag. Dit geskied jaarliks op 3 Maart, maar ons sal dit op Vrydag 7 Maart tydens die opening aan die leerders bekendstel.

Loer gerus na hierdie skakels vir meer inligting oor wat hierdie wêreldwye viering behels.
https://youtu.be/rEtFaaSA7Yk en Fauna & Flora | Saving Nature Together

South African NATIONAL PARKS

Fauna & Flora Saving Nature Together

Die Dagbestuur wens die hoof van Laerskool Monumentpark geluk met sy verjaarsdag.



## AKADEMIE

### SKEPPENDE KUNSTE

Die graad 5-leerders teken hul vriende met olie pastelle.




## K U L T U U R

### REDENAARS

Redenaarsuitdunne vir die graad 6 en 7 leerders se onvoorbereide toesprake vind op 28 Februarie 2025 plaas. Sterkte aan elke leerder met hul voorbereiding!

Indien u nie op die redenaarsgroep is nie gebruik die volgende skakel daarvoor. Let wel spanredenaarslede moet ook op die redenaargroep wees. https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8

**REDENAARSGEDAGTE VIR DIE WEEK**

*"Someday… Your pain will become the source of your strength. Face it. Brave it. You will make it."* - Dodinsky

### PRETORIA EISTEDDFOD

Laerskool Lynnwood is geaffilieer by die Pretoria Eisteddfod. **Indien ouers belangstel om hulle kinders solank vir die eerste sessie in te skryf, kan hulle 'n e-pos stuur aan juffrou Marnie Krige** marnie.krige@lynnwoodlaer.co.za **voor of op 15 Maart 2025.**

**Inskrywingsdatum vir die Pretoria Eisteddfod is as volg**:

**Sessie 1:** Alle afdelings : Perkussie, Klavier, Klawerbord, Vokaal (Klassiek en Populêre afdeling) en Blasers (koper of hout) : **10 tot 15 Maart 2025.**
**Sessie 2:** Klassieke kitaar, Kuns en Snare:
**9 tot 20 Junie 2025.**
Inhandiging van kunswerke (slegs 'n foto):
**5 Augustus 2025.**

Gaan gerus na www.pretoriaeisteddfod.co.za vir meer inligting en datums van beoordeling.

**Inskrywingsdatums vir Afrikaanse Drama is as volg**:

**Herfs Drama**: Individuele items, Spreekkore en Tonele : **6 tot 18 Maart 2025**
**Lente Drama:** Groepwerk : **5 Junie tot 20 Junie 2025**

Gaan gerus na http://www.ocnaf.co.za/ vir meer inligting en datums van beoordeling.

## OUERLEIDING



### PRAAT MET JOU KIND OOR DIE DOOD EN VERLIES

Ons vind toenemend dat kinders werklik worstel met hul gevoelens oor die dood en verlies. In hiérdie lewe is die dood deel van die lewe. Ouers bevind hulself dikwels in situasies waar hulle hierdie moeilike onderwerpe, soos byvoorbeeld die dood van 'n familielid, met hulle kinders moet bespreek en dan onseker is oor hoe om dit te benader.

Dit bly belangrik om die gesprekke in verstaanbare taal wat die kind kan verwerk, te gesels. Die dood word op soveel maniere voorgestel aan ons kinders - hoe verduidelik 'n mens dit aan 'n kind dat hulle dit nie sien as iets om te vrees nie en ook dat dit nie iets is wat hulle gedoen het dat dit gebeur het nie.

Verlies strek verder as net die dood van 'n geliefde familielid, vriend of selfs 'n troeteldier. Dikwels is verlies ook gekoppel aan skeiding (wanneer ouers skei) of wanneer 'n geliefde ouma of oupa wegtrek en die kind dan voel hulle is nie meer daar nie. Dit is goed om 'n kind te help om te verstaan wat die verlies alles behels.

**Wanneer weet 'n mens dat die kind meer as net gesels met 'n ouer nodig het om sy verlies te verwerk?**

<u>Tekens dat jou kind hulp nodig het</u>:

- Hy/sy haak by een emosie vas. Die vermoë om iets te geniet, al is dit net vir 'n rukkie, is weg.
- Herhalende woede-uitbarstings wat voortduur, selfs al het jy met geduld jou kind uitgeluister en gehelp om te verstaan wat gebeur.
- Regressie: jou kind se taal gaan skielik agteruit, hy/sy begin weer bed natmaak of sien skielik nie meer kans om meer alleen te slaap nie.
- Psigosomatiese simptome wat gereeld terugkeer (bv. maagpyn sonder rede, lam gevoel in die bene, kopseer, moegheid wat nie weggaan nie).
- Jy as ouer is moedeloos en het nie die krag en geduld vir 'n kind wat "moeilik" voorkom nie.

**Ouers kan dalk nie dadelik by 'n kundige uitkom nie.**

Wenke oor hoe hulle die situasie op korttermyn kan benader:

- Maak seker julle hou by 'n vaste daaglikse roetine.
- Hierdie roetine moet tyd maak vir refleksie oor die dag.
- Doen ontspannende dinge saam met jou kind.
- Sê die gedrag wat jy sien, sonder om te raas. Verwoord wat jy dink. Bv.: "Mamma sien jy het nie jou kos geëet by die skool vandag nie. Ek raai jou maag was weer seer?"
- Gesels met jou kind se onderwyser. Dikwels het mense, kinders ingesluit, werklik net eers iemand nodig wat luister, begrip het en jou toelaat om te ervaar wat jy ervaar.
- Dit kan wees dat jy as ouer dink dat alles onder beheer is en dat jou kind die dood van 'n geliefde of verlies aanvaar het. Hou aan praat met jou kind. Gesels veral oor goeie herinneringe en kyk saam deur foto's, herdenk spesiale dae deur 'n kers aan te steek of 'n lekker ete te hou ens.
- Moet nooit die waarde van praat met jou kind onderskat nie.

# GHOLF- EN ROLBALDAG







## Gholfdag Inskrywingsvorm:

https://form.jotform.com/250472338202550

## Gholfdag Bemarkingsgeleenthede:

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfHy17zE6LkzbBwo4yOhDBs6oDlCElHFbWkbHCWm6A1bANzxg/viewform?usp=header

## Rolbaldag Inskrywingsvorm:

https://form.jotform.com/250472090371552


## Rolbaldag Bemarkingsgeleenthede:

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSdowM1e4vBT4cSfsyC8837uvOztxZUHr9blIlqJA6lMzcp95Q/viewform?usp=header





## LYNNIES BIDGROEP




**BID VIR LYNNIES**
**Woensdae 07:25 voor die hoofhek.**
**Kontak Anlia 082 927 1020**
**om deel te word van die WhatsApp groep.**

## SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAE

**2025**

| | |
|---|---|
| Kwartaal 1: | Vrydag, 21 Maart (Publieke vakansiedag) Menseregtedag<br>Skool sluit 28 Maart |
| Kwartaal 2: | 8 April tot 27 Junie |
| Kwartaal 3: | 22 Julie tot 3 Oktober |
| Kwartaal 4: | 13 Oktober tot 10 Desember |

## PERSONEELVERJAARSDAE

**FEBRUARIE**

29 Diana Louw (naskool)

**MAART**

2 Charlotte Uys (naskool)
3 Pride Makhuvwela (pre-prim en naskool)
7 Jenay Jordaan (pre-prim ass)
9 Mienkie Skosana (pre-prim alg ass)
13 Christa Enslin (naskool)
14 Kaylin de Jongh (pre-prim ass)
15 Bernadette Roodt (o/w)
23 Andries Skosana (alg. ass)
25 Abigail Küsel (o/w ass)
26 Marina Steyn (o/w)
28 Charmara Steyn (o/w)

## VOORTREKKERS

**Voortrekkers vier mylpale en tradisies**
Hierdie week by Soetdoringkommando het ons verskeie mylpale en tradisies gevier!

Ons kommando vier 'n trotse geskiedenis van 57 jaar. Op 27 Februarie vier ons Nasionale Melktertdag!

Elke Lynnie personeellid en Vorie het op 26 Februarie 'n heerlike melkterthappie ontvang om hierdie spesiale geleentheid te geniet. Dit is 'n voorreg om deel te wees van Die Voortrekkers, 'n dinamiese kultuurtuiste wat ons kinders bemagtig.


Wat doen die Voortrekkers? Natuurlik kamp ons graag! Ons hoofdoel is om ons jeug te bemagtig tot positiewe burgers wat hulle roeping van diensbaarheid uitleef.

Wil jou gesin vandag betrokke raak? Skakel gerus ons kommandoleier, Kallien Erwee, by 082 707 7836 om meer uit te vind.




**Steve Stolk**
**UITVOERENDE HOOF**


SANFAN ROBOTICS CLUB BIED AAN
INLEIDING TOT
LEGO ROBOTIKA
Kom ontdek die basiese beginsels van robotika.
Kinders tussen 8 en 12 jaar welkom.
Alle lesbenodigdhede word verskaf.
R750
vir die volle 5 ure
beperkte spasie beskikbaar
Die werkswinkel word opgebreek in 2 sessies van 2.5 ure elk.
1st Maart en 15de Maart
8:00-10:30
LYNNWOOD AREA
Vir navrae en besprekings, whatsapp:
066 213 6108 - Evelynne en Willie
of
083 556 9445 - Liesbet
Boodskappe sal binne 24 uur beantwoord word.


Groot Boks Groot Idees
BIG BOX
Omskep Groot Pret
Die omskakeling van 'n Big Box Container bied 'n innoverende oplossing wat funksionaliteit en kreatiwiteit kombineer sonder om kwaliteit of styl in te boet.
bigbox.co.za
0861 44 74 74


bied aan
Gé Sing
HOOR MY LIED!
Musiekregisseur: Chanie Jonker | Teks en regie: Frans Swart
met Andrè Schwartz | Arina de Witt | Louis Loock | Stephanie Baartman
AFRIFORUM TEATER | 11 – 13 APRIL 2025
Bespreek by www.afriforumteater.co.za